# Dissipels leef bewustelik

**Geestelike verdieping joernaal #5 van 2020**

Sondag 16 tot Saterdag 22 Februarie

Vir die eerste 6 weke van die eerste kwartaal gaan ons in die eredienste spesifiek fokus op ons gemeente se jaartema vir 2020, naamlik **Dissipels leef bewustelik**. Daar sal elke week so ’n stuk beskikbaar wees vir diegene wat verder en dieper wil dink. Die uitdaging is dat ons dit ook in gesinne en kleingroepe kan gebruik. Ook die geloofsgroei geleenthede sluit by die jaartema en eredienste aan. Maak gerus ook gebruik van die geloofsgroei stukke wat beskikbaar is op die webwerf of by die kerkkantoor as jy dit nie kan bywoon nie. Hierdie week dink ons na oor hoe ons bewus leef van MEKAAR – die mense naby aan jou en jou medegelowiges. Die gedagte is dat ons daagliks en weekliks tyd by God en bymekaar spandeer en hieroor nadink en saam groei en verdiep in ons verhouding met die Here. Neem dus hierdie hulpmiddel en raak elke dag – indien moontlik – net vir 15 minute of so stil by die Here.

## 5. Dissipels leef bewus van MEKAAR – dek die tafel

Ons dink na oor hoe ons bewus leef van die "ons" met wie ons saamleef.

Lees Ps 23:5-6 *“U laat my by ’n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos ’n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid. U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.”*

Die eerste ONS met wie ons saamleef, is die mense in ons huis: ons eggenote en kinders, soms ook uitgebreide familie. Soms is die ONS net jyself. Ons gesinne lyk almal anders. Party gesinne het klein kinders, ander kinders van klein tot groot. Sommige is enkelouers. Baie van ons se kinders is al groot en uit die huis uit. Sommige van ons het nie kinders nie. Ander van ons is alleen in ons wonings. Hoe ons die tafel dek, gaan dus verskil van huis tot huis. Ons is egter ook ’n geloofsfamilie. En ons verskil almal. Hoe aanvaar ons mekaar? Hoe dek ons die tafel vir mekaar?

## Maandag 17 Februarie – Wipplank

Lees Markus 10: 13 *“Die mense het kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy dissipels het met die mense daaroor geraas. 14Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. 15Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.” 16Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën.”*

Is ons bewus van magsverhoudinge in ons gemeenskap? Wie se gesag geld en wie het mag oor wie? Ook in die geloofsgemeenskap moet ons hiervan bewus wees en dit positief gebruik sodat almal kan saamspeel. Dit werk baie soos ’n wipplank. Om lekker wiplank te ry, moet die twee spelers ewe swaar wees. Anders land een altyd harder as die ander en daar is altyd die gevaar dat iemand gaan afspring ... In Families en die geloofsgemeenskap bring almal nie dieselfde goed na die tafel nie, maar elkeen het ’n bydrae. Wanneer ons almal se bydraes raaksien, begin ons balans kry en kan ons regtig saamspeel. Mag ons gelyk raak as lede van dieselfde familie en mag ons versigtig met mekaar werk as ons op- en afklim.

## Dinsdag 18 Februarie – 'n Veilige plek

Lees Genesis 18: *"1Die Here het aan Abraham verskyn by die groot bome van Mamre. Terwyl hy op die warmste van die dag by sy tentdeur sit, 2kyk hy op en sien drie mans daar naby staan. Toe hy hulle sien, het hy van sy tentdeur af na hulle toe gedraf en voor hulle gebuig. 3Hy het gesê: "Menere, u sal my 'n guns bewys deur nie by my verby te gaan nie. 4Laat ek eers 'n bietjie water laat haal sodat u u voete kan was, en kom rus dan onder die boom. 5U is nou eenmaal op pad hier by my verby, en daarom wil ek 'n stukkie brood vir u gaan haal dat u weer nuwe krag kan kry." Hulle het vir hom gesê: "Goed! Maak so!""*

Om deel van 'n familie te wees, moet jy toelaat dat mense naby aan jou kom. Jy moet almal gasvry ontvang en toelaat dat mense sien wie jy regtig is. Ons hoef mos niks vir mekaar weg te steek nie, want die familie [geloofsgemeenskap] is 'n veilige ruimte. Familie kan nooit geslote sisteme wees wat net vir hulleself leef nie, ook nie die geloofsfamilie nie. Ons is juis ruimtes wat plek maak vir ander, waar ons gasvry is teenoor vreemdelinge. In ons geloofsgemeenskap moet ons ook bewus bly van mekaar en veral van die mense wat effens eenkant staan. Ons verskil almal van mekaar, maar ons dien almal die Here.

In die skaduwee van hulle tent het Abraham en Sara gesit toe hulle reisigers daar sien verbystap. Abraham het opgespring en hulle nader genooi. Hy het hulle gevra om hom 'n guns te bewys deur daar by hom te kom sit en in die koelte van sy tent te sit en rus. Want as hulle inkom, kan hy gasvry wees teenoor hulle. Mag ons oop oë hê om mense raak te sien en mag ons die waagmoed hê om hulle in te nooi en deel van ons lewens te maak. As ons dit nie in die geloofsgemeenskap kan regkry nie, hoe dan daarbuite?

## Woensdag 19 Februarie  - Eenheid in Diversiteit

Lees Rom 15: *"7Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God."*

In sy drie jaar van bediening op aarde het Jesus geweldig baie tyd spandeer saam met 12 dissipels en 'n klompie vroue en ander volgelinge. Deur dit te doen, het Jesus ons kom wys hoe belangrik gemeenskap is in die koninkryk en die uitbreiding van die koninkryk. Deur hierdie gemeenskap het die dissipels geleer hoe belangrik vertroue is. Hoe belangrik dit is om ander eerste te stel en jouself te onderwerp aan ander. In die Godsgemeenskap word daar nie gesoek na mag of status nie. Onthou wat Jesus gedoen het. Hy het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie. Dallas Willard het hieroor geskryf: "God is in himself a sweet society of love, with a first, second and third person to complete a social matrix where not only is there love and being loved, but also shared love for one another." Omdat God in gemeenskap is, kan daar nie iets wees soos private of individuele Christenwees nie. Ons leef in gemeenskap met mekaar.

Die diversiteit tussen die dissipels wys duidelik dat gemeenskap nooit gaan oor eendersdenkendes wat mekaar net op die skouer klop nie. Stel jou voor die gesprek tussen Simon, die seloot [revolusionêre Joodse groep wat veg vir bevryding van Romeinse oorheersing] en Matteus, die tollenaar [wat gewerk het vir die einste Romeinse regering]. Om mekaar te aanvaar en mekaar te behandel soos ons vir Jesus sou behandel, is die groot uitdaging as geloofsgemeenskap.

## Donderdag 20 Februarie – Kruietuin

Lees 1 Kor 3:4 *"As een van julle sê: "Ek is vir Paulus," en 'n ander: "Ek is vir Apollos," is julle dan nie nog wêrelds nie? 5Wat is Apollos dan? Wat is Paulus? Hulle is maar net dienaars deur wie julle tot geloof gekom het, en elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het. 6Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het. 7Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei. 8Die een wat plant en die een wat natgooi, staan op gelyke voet: God sal elkeen beloon volgens sy werk. 9Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God."*

Families en gemeentes is plekke waar mense wat van mekaar verskil, saam kan groei. In so 'n gemeenskap word almal aanvaar en elkeen kan groei en word wat die Here wil hê hulle moet wees. In 'n kruietuin is daar metgeselplante - plante wat beter groei as hulle saamgroei. Die meeste plante is nie alleenlopers nie. Saam doen hulle beter. Dit is in die saamwees wat hulle hul volle potensiaal bereik. Ons ervaar dit ook as ons bewus van mekaar leef in die gemeente. Iemand kom gee vir jou skaduwee as die son fel op jou neerbrand. Iemand moedig jou aan as dit voel of alles teen jou draai. 'n Goeie kruietuin het 'n wye verskeidenheid kruie in. Elke soort het 'n unieke bydrae om te lewer.

Om 'n ONS te wees, moet ons bewus wees van elkeen se uniekheid en moet ons dit vier. Toe Jesus 'n groep mense rondom Hom byeengebring het, was dit 'n bont spul. Wanneer Jesus 'n familie vorm, sluit Hy alle soorte mense in. As ons bewus leef van mekaar, weet ons egter ook dat in enige kruietuin alle plante nie altyd op hulle beste lyk nie. Daar is altyd brose plantjies.

Mag ons deel wees van 'n groep wat mekaar aanmoedig om ons beste self te wees, wat ruimte skep vir mekaar en wat verstaan wanneer blomme doodgaan en blare verlep.

## Vrydag 21 Februarie – Wat tussen mense gebeur

Lees Gal 6:1 "*Broers [en susters], as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom.* ***2Dra mekaar se laste****, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus. 3As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself. 4Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk. 5Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het."*

Dink oor die stelling: Die grootste verskil wat die Evangelie maak, lê nie in wat IN mense gebeur nie, maar wat TUSSEN mense gebeur. Verhoudings is die plek waar

ware gemeenskap gebeur. Dit is ook waar van die Drie-enige God self. Hy is in ʼn intieme verhouding met Homself, Vader, Seun en Gees. God vra dit dus nie net van ons nie. Hy is in verhouding met Homself. Ons menswees kom daarom tot sy reg wanneer ons in positiewe waarderende omgee-verhoudings met ander lewe. Ons is almal skakels in ʼn ketting, ʼn band wat mense verbind. Telkens as ons uitreik na mekaar in gemeenskap en versorging, gee dit sin en betekenis aan ander en ons eie lewe. Deur dus bewus van mekaar te leef, sorg ons dat die skakels ingehaak bly. Deur mekaar se laste te dra, mekaar te help, mekaar te versorg en by te staan, bind ons die band al sterker en sterker.

## Saterdag 22 Februarie – Ons is ’n MEKAAR

Geloofsonderskeidende vrae: Wie is die spesiale mense wat God oor my pad stuur? Wie is my geloofsfamilie?

Geloofsgewoonte: Probeer om die eerste 15-30 minute van tuiskoms weer met mekaar kontak te maak (highs and lows, and no fixes). Maak saameet ’n fees [dek die tafel vs. eet voor die TV]. Lees saam Bybel. Lees die mekaar-tekste saam en dink wat dit vir julle beteken.

*Efesiërs 4:32: Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.*
*Kolossense 3:16: Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.*
*Romeine 14:13: Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liewer voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot ’n val kan bring nie.*
*Galasiërs 5:26: Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.*
*1 Tessalonisense 5:15: Sorg dat niemand ‘n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Beywer julle liewer altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense.*
*Jakobus 4:11: Moenie van mekaar kwaad praat nie.*
*Jakobus 5:9: Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie veroordeel word nie. Die Regter staan al voor die deur.*
*1 Tessalonisense 3:12: En mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak, net soos ons liefde vir julle.*
*1 Tessalonisense 4:9: Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê.*
*1 Petrus 1:22: Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê.*
*1 Johannes 3:11: Dít is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê.*
*Gal. 6:2: Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.*
*Efesiërs 5:21: Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.*